

# Tussentydse verslag en dividendverklaring vir die ses maande geëindig 31 Maart 2006

Die ongeauditeerde resultate van die groep vir die ses maande geëindig op 31 Maart 2006 word hierin uiteengesit.

Hierdie verslag is voorberei ter nakoming van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS) wat aanvaar is vanaf 1 Oktober 2005. Die vorige jaar se syfers, wat voorberei was ingevolge Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktijk (SA SAARP), is hersaamgestel ooreengestem met die IFVS.

## Kommentaar

### Finansiële Resultate

Wesensverdienste per aandeel vir die ses maande geëindig 31 Maart 2006 het met 14% toegeneem teenoor dié van die eerste helfte van die vorige jaar. Verdienste per aandeel vir dieselfde periode was 90% hoër as die vorige jaar hoofsaaklik aangesien die beduidende herstrukturering- en sluitingskoste van die Namibiese witvisbedrywighede in 2005, nie weer voorgekom het nie.

Groepomset het met 3% afgeneem, terwyl bedryfswins voor abnormale items ooreengestem het met die vorige jaar.

Die netto kontantsaldo het met R81 miljoen toegeneem sedert jaareinde, hoofsaaklik as gevolg van 'n verdere afname in bedryfskapitaal.

'n Tussentydse dividend van 15.0 sent per aandeel is verklaar. (2005: 15.0 sent per aandeel).

### Toekenning van Langtermyn- Kommersiële Visvangregte

Voorlopige toekennings is gemaak in al die sektore waarin die groep aktief is. Hierdie toekennings is onderworpe aan die uitslag van appélprosedure.

### Bedryfsvoorsig

#### Kusvisserij

Die totale toelaatbare vangs (TTV) vir 2006 is verminder tot 204 000 ton (2005: 397 000 ton). Sardynvangste was beduidend swakker as verlede jaar hoofsaaklik aangesien vis slegs aan die suid- en ooskus beskikbaar was. Gevolglik is 'n groter gedeelte van die vis per pad van Mosselbaai na die inmaakfabriek op St Helenabaai vervoer. Dit het algehele produksiekoste verhoog. Stakings van inmaakfabriekswerkers in Desember en van bemannings op die vaartuie in Februarie het ook die produksievlakke negatief beïnvloed. In Namibië het sardynvangste nog nie 'n aanvang geneem nie in afwagting van die voorlopige TTV (2005: finale TTV 25 000 ton).

Verkoopsvolumes van Lucky Star ingemaakte vis het op die plaaslike mark afgeneem teenoor die vorige jaar weens voorraadtekorte as gevolg van die kleiner vangste en produksie. Glenryck UK het goed presteer en verloor het aansienlik toegeneem in die VK mark.

In die geheel was die winsgewendheid van ingemaakte vis aansienlik laer as gedurende die ooreenstemmende tydperk verlede jaar.

Vismeelbedrywighede het 'n verlies getoon vir die ses maande, hoofsaaklik weens die beduidend kleiner nywerheidsvisvangste. Die ansjovis TTV vir 2006 is 212 251 ton (2005: 215 000 ton) en word gewoonlik in die wintermaande gevang. Verkoopsvolumes was laer as die vorige jaar. Pryse was effe beter en die verwagting is dat dit in die tweede helfte gehandhaaf sal word.

Die TTV vir weskuskeef is verminder na 3 173 ton (2005: 3 527 ton). Hoewel Mariene- en Kusbeheer vrystelling verleen het dat die kreefseisoen voor die bekendmaking van die langtermynregte kan begin, was vangste kleiner as dié van die vorige jaar weens sekere regulatoriese verdragings en laer vangskoerse. Produksiekoste per eenheid was hoër, hoofsaaklik as gevolg van die kleiner volumes wat gevang is. Terwyl

uitvoerpryse aansienlik verbeter het teenoor die vorige jaar, was verdienste uit kreef egter kleiner. Vangste van die volle kreefwota mag dalk nie behaal word nie indien die toekenningsprosedure vir langtermynvisvangregte nie 'n geruime tyd voor die sluiting van die seisoen afgehandel kan word nie.

Tjokkavangste was effe beter as verlede jaar. Markpryse het verbeter en 'n verhoogde bydrae tot wins is behaal.

#### Oopsee- en Diepseevisserij

Verkoopspryse vir Namibiese maasbanker was op baie hoë vlakke gedurende die eerste kwartaal, maar pryse het sedertdien verswak groter leverings uit Mauritanië aan die belangrikste Afrika markte. Hoë brandstofpryse het voortgegaan om visserykoste negatief te beïnvloed. Die maatskappy se vaartuig Desert Diamond het goed gevaar in Suid-Afrika. Die verhandeling van vis wat van buitelandse verkry is, het 'n groter bydrae gelewer as in die vorige jaar. Die totale resultate van oopwater pelagiese visvangs was aansienlik hoër as verlede jaar.

Die groep se verdienste uit stokvis is steeds deur wisselvallige vangste en 'n groot gedeelte klein vis benadeel, wat tot laer pryse gelei het. Wins was egter hoër as in die vorige jaar hoofsaaklik weens 'n daling in oorhoofse koste.

Die geherstruktoreerde tunahandelsbesigheid het 'n wins getoon teenoor 'n verlies verlede jaar.

#### Koelberging en Logistiek

Die koelbergingsdivisie het hoër okkupasievlakke ervaar, hoewel ietwat kleiner volumes hanteer is. Winste was aansienlik hoër as dié van die vorige jaar.

#### Direktoraat

Soos voorheen vermeld, is mnr LT Langeni onverwags op 6 Februarie oorlede. Die voorsitter mnr DMJ Ncube, het op 9 Februarie bedank en is opgevolg deur mnr MA Brey. Mnr RV Smither het op 31 Maart bedank. Mnr NP Doyle en Me I Ruthlal is op 10 Mei 2006 as direkteure aangestel.

#### Vooruitsigte

Enige verdienstegroei vir die volle jaar sal van 'n verbetering in pelagiese visvang toestande afhang.

#### Namens die direksie

#### MA Brey

Voorsitter

10 Mei 2006

#### AB Marshall

Uitvoerende Hoof

## Groepinkomstestaat

Aantekening	Ongeauditeer Ses maande geëindig 31 Maart 2006		% Ver- andering	Geauditeer Jaar geëindig 30 Sept 2005	
	R'000	Hersaam- gestel R'000		R'000	Hersaam- gestel R'000
<b>Inkomste</b>	<b>1 197 087</b>	<b>1 230 712</b>	<b>(3)</b>	<b>2 576 513</b>	
<b>Bedryfswins voor buitengewone items</b>	<b>52 606</b>	<b>52 723</b>	<b>-</b>	<b>180 672</b>	
Buitengewone items	710	(26 863)		(27 830)	2
<b>Bedryfswins</b>	<b>53 316</b>	<b>25 860</b>	<b>106</b>	<b>152 842</b>	
Dividende ontvang	422	1		1	
Netto rente ontvang	15 420	12 435		26 607	
<b>Wins voor belasting</b>	<b>69 158</b>	<b>38 296</b>	<b>81</b>	<b>179 450</b>	
Belasting	27 645	16 881	64	64 541	
<b>Wins na belasting</b>	<b>41 513</b>	<b>21 415</b>	<b>94</b>	<b>114 909</b>	
<b>Toeskryfbaar aan:</b>					
Aandeelhouders in Oceana Group Beperk	38 500	19 938	93	107 491	
Buite-aandeelhouders in filiale	3 013	1 477	104	7 418	
	<b>41 513</b>	<b>21 415</b>	<b>94</b>	<b>114 909</b>	
<b>Aantal uitgereikte aandele (000'e)</b>	<b>113 166</b>	<b>111 720</b>		<b>112 104</b>	
Geweegde gemiddelde aantal aandele waarop verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel gegrond word (000'e)	113 036	111 467		111 525	
Aangepaste geweegde gemiddelde aantal aandele waarop verwaterde verdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel gegrond word (000'e)	113 358	112 470		112 246	
<b>Verdienste per aandeel (sent)</b>					
Basies	34.1	17.9	90	96.4	
Verwater	34.0	17.7	92	95.8	
<b>Wesensverdienste per aandeel (sent)</b>					
Basies	33.2	29.2	14	106.2	
Verwater	33.1	28.9	15	105.5	
<b>Dividende per aandeel (sent)</b>	<b>15.0</b>	<b>15.0</b>	<b>-</b>	<b>74.0</b>	

BEPALING VAN WESENSVERDIENSTE			
Toeskryfbaar aan eie aandeelhouders	38 500	19 938	107 491
Aangepas vir:			
Netto oorskot met verkoop van eiendom en visseryregte	(702)	(2 075)	(2 364)
Netto oorskot met verkoop van masjinerie en toerusting	(223)	73	(2 176)
Voorsluiting vir lenings, personeeluitdissingsstelling en ander sluitingskoste van Namibiese witvisbesigheid	-	10 115	14 201
Benadelingsverlies op eiendom, masjinerie en toerusting in Namibiese witvisbesigheid	-	5 580	5 580
Benadelingsverlies op ander bates	-	-	2 779
Wins met verandering van belang in filiale/gesamentlike ondernemings	-	(1 125)	(7 103)
<b>Wesensverdienste vir die tydperk</b>	<b>37 575</b>	<b>32 506</b>	<b>118 408</b>

## Dividendverklaring

Kennis geskied hiermee dat 'n tussentydse dividend nr. 125 van 15.0 sent per aandeel ten opsigte van die jaar wat op 30 September 2006 eindig, verklaar is op Woensdag, 10 Mei 2006. Tersaaklike datums is:

Laaste verhandelingsdag mét dividend	- Vrydag, 23 Junie 2006
Verhandeling sonder dividend begin	- Maandag, 26 Junie 2006
Verslagdatum	- Vrydag, 30 Junie 2006
Dividend betaalbaar	- Maandag, 3 Julie 2006

Vanaf Maandag, 26 Junie 2006 tot en met Vrydag, 30 Junie 2006 mag aandeelsertifikate nie gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie.

Op las van die direksie

#### JD Cole

Sekretaris

10 Mei 2006

## Verkorte staat van verandering in ekwiteit

	Ongeauditeer Ses maande geëindig 31 Maart 2006		Geauditeer Jaar geëindig 30 Sept 2005	
	R'000	Hersaam- gestel R'000	R'000	Hersaam- gestel R'000
Saldo aan die begin van tydperk, soos voorheen vermeld			863 190	863 190
IFVS aanpassings (aant. 1)			4 632	4 632
Saldo aan die begin van tydperk, soos aangepas	<b>916 344</b>		867 822	867 822
Aandele uitgereik	9 309		11 881	14 420
Afname/(Toename) in tesourie-aandele deur aandeeltrust gehou	3		(75)	(336)
Beweging in valuta-omrekeningsreserwe	(5 551)		(921)	(905)
Beweging in aandeelgegronde betalingsreserwe	1 031		1 856	3 709
Netto wins vir die tydperk	41 513		21 415	114 909
Wins by verkoop van tesourie-aandele	105		189	238
Dividende verklaar	(68 283)		(66 322)	(83 415)
Verkoop van filiaal – buite-aandeelhoudersbelang	-		-	(98)
Saldo aan die einde van die tydperk	<b>894 471</b>		<b>835 845</b>	<b>916 344</b>
Sluit in:				
Aandelekapitaal en premie	64 792		53 202	55 480
Valuta-omrekeningsreserwe	(1 673)		3 863	3 878
Aandeelgegronde betalingsreserwe	9 647		6 763	8 616
Kaptiaaldelingsreserwe	90		90	90
Uitkeerbare reserwes	799 164		756 496	827 320
Buite-aandeelhoudersbelang	22 451		15 431	20 960
<b>Totaal</b>	<b>894 471</b>		<b>835 845</b>	<b>916 344</b>

## Segmentverslag

	Ongeouditeer 31 Maart 2006	Geouditeer 30 Sept 2005	Geouditeer 30 Sept 2005
		Hersaam- gestel	Hersaam- gestel
	R'000	R'000	R'000
<b>Inkomste</b>			
Kusvisserij	611 335	717 434	1 470 587
Oopsee- en Diepseevisserij	524 418	448 681	939 091
Kommersiële Koelberging en Logistiek	61 334	64 597	166 835
<b>Totaal</b>	<b>1 197 087</b>	<b>1 230 712</b>	<b>2 576 513</b>
<b>Bedryfswins voor buitengewone items</b>			
Kusvisserij	(3 706)	27 639	102 518
Oopsee- en Diepseevisserij	37 500	7 196	16 867
Kommersiële Koelberging en Logistiek	18 812	17 888	61 287
<b>Totaal</b>	<b>52 606</b>	<b>52 723</b>	<b>180 672</b>
<b>Totale bates</b>			
Kusvisserij	408 386	540 757	640 913
Oopsee- en Diepseevisserij	299 166	295 617	270 852
Kommersiële Koelberging en Logistiek	122 742	188 064	126 535
Finansiering	456 030	280 526	423 506
<b>Totaal</b>	<b>1 286 324</b>	<b>1 304 964</b>	<b>1 461 806</b>
Uitgestelde belasting	11 380	18 965	15 256
<b>Totaal</b>	<b>1 297 704</b>	<b>1 323 929</b>	<b>1 477 062</b>
<b>Totale laste</b>			
Kusvisserij	208 980	261 325	335 015
Oopsee- en Diepseevisserij	87 329	91 703	60 655
Kommersiële Koelberging en Logistiek	22 848	73 608	27 848
Finansiering	54 473	37 561	111 698
<b>Totaal</b>	<b>373 630</b>	<b>464 197</b>	<b>535 216</b>
Uitgestelde belasting	29 603	23 887	25 502
<b>Totaal</b>	<b>403 233</b>	<b>488 084</b>	<b>560 718</b>

## Groepbalansstaat

	Ongeouditeer 31 Maart 2006	Geouditeer 30 Sept 2005	Geouditeer 30 Sept 2005
		Hersaam- gestel	Hersaam- gestel
	R'000	R'000	R'000
<b>Bates</b>			
Nie-bedryfsbates	381 088	422 793	396 071
Eiendom, masjinerie en toerusting	276 538	299 143	285 052
Klandisiewaarde	17 271	18 219	18 302
Visvangregte, handelsmerke	32 139	36 195	34 536
Uitgestelde belasting	11 380	18 965	15 256
Beleggings en lenings	43 760	50 271	42 925
<b>Bedryfsbates</b>	<b>916 616</b>	<b>901 136</b>	<b>1 080 991</b>
Voorraad	204 549	216 815	242 413
Debiteure	299 797	454 066	457 997
Kontantekwivalente	412 270	230 255	380 581
<b>Totale bates</b>	<b>1 297 704</b>	<b>1 323 929</b>	<b>1 477 062</b>
<b>Ekwiteit en laste</b>			
Kapitaal en reserwes			
Aandelekapitaal en premie	64 792	53 202	55 480
Nie-uitkeerbare reserwes	8 064	10 716	12 584
Uitkeerbare reserwes	799 164	756 496	827 320
Eie aandeelhouers se belang	872 020	820 414	895 384
Buite-aandeelhouers se belang	22 451	15 431	20 960
<b>Totale ekwiteit</b>	<b>894 471</b>	<b>835 845</b>	<b>916 344</b>
Nie-bedryfslaste	29 603	23 887	25 502
Bedryfslaste	373 630	464 197	535 216
Krediteure en voorsiening	325 670	440 949	437 830
Bankoortrekking	47 960	23 248	97 386
<b>Totale ekwiteit en laste</b>	<b>1 297 704</b>	<b>1 323 929</b>	<b>1 477 062</b>
Netto batewaarde per gewone aandeel (sent)	771	734	799
Totale laste met uitsluiting van uitgestelde belasting:			
Belang van eie aandeelhouers (%)	42	57	60
Totale lenings: Belang van eie aandeelhouers (%)	6	4	12

## Groepkontantvloei

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Maart 2006	Geouditeer Jaar geëindig 30 Sept 2005	Geouditeer Jaar geëindig 30 Sept 2005
		Hersaam- gestel	Hersaam- gestel
	R'000	R'000	R'000
<b>Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteit</b>			
Bedryfswins	52 606	52 723	180 672
Aanpassing vir nie-kontantitems	22 222	27 718	63 898
<b>Kontantbedryfswins voor bedryfskapitaalveranderinge</b>	<b>74 828</b>	<b>80 441</b>	<b>244 570</b>
Bedryfskapitaalveranderinge	84 435	77 350	33 989
<b>Kontant uit bedryfswiggede gegeneer</b>	<b>159 263</b>	<b>157 791</b>	<b>278 559</b>
Rente en dividende ontvang	18 148	12 771	29 048
Rente betaal	(2 306)	(335)	(2 440)
Belasting betaal	(13 592)	(22 222)	(62 366)
Dividende betaal	(68 498)	(66 707)	(83 587)
<b>Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteit</b>	<b>93 015</b>	<b>81 298</b>	<b>159 214</b>
Kontantuitvloei uit bedryfsaktiwiteit	(14 164)	(10 956)	(16 119)
<b>Netto kontantinvloei voor finansieringsaktiwiteit</b>	<b>78 851</b>	<b>70 342</b>	<b>143 095</b>
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteit	1 617	16 602	17 822
<b>Netto toename in kontant en kontantekwivalente</b>	<b>80 468</b>	<b>86 944</b>	<b>160 917</b>
Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk	283 195	117 455	117 455
Uitwerking van wisselkoersveranderinge	647	2 608	4 823
<b>Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk</b>	<b>364 310</b>	<b>207 007</b>	<b>283 195</b>

## Rekonsiliasie van SA SAARP na IFVS (aant. 1)

	1 Oktober 2004 R'000	31 Maart 2005 R'000	30 Sept 2005 R'000
<b>Ekwiteit</b>			
Gewone aandeelhouersbelang soos voorheen vermeld	848 613	815 753	890 894
IFVS aanpassing:			
Herberekening van depresiasie van eiendom, masjinerie en toerusting, na aftrekking van uitgestelde belasting	4 828	4 661	4 490
<b>Gewone aandeelhouers se belang hersaamgestel</b>	<b>853 441</b>	<b>820 414</b>	<b>895 384</b>
Buite-aandeelhouers se belang soos voorheen vermeld	14 577	15 645	21 192
IFVS aanpassing:			
Herberekening van depresiasie van eiendom, masjinerie en toerusting, netto van uitgestelde belasting	(196)	(214)	(232)
<b>Buite-aandeelhouers se belang hersaamgestel</b>	<b>14 381</b>	<b>15 431</b>	<b>20 960</b>
<b>Laste</b>			
Uitgestelde belasting soos voorheen vermeld	24 287	20 809	22 453
IFVS aanpassing:			
Tydbepalingsverskille by herberekening van depresiasie eiendom, masjinerie en toerusting	1 214	3 078	3 049
<b>Uitgestelde belasting hersaamgestel</b>	<b>25 501</b>	<b>23 887</b>	<b>25 502</b>
<b>Bates</b>			
Eiendom, masjinerie en toerusting soos voorheen vermeld	310 389	293 159	279 413
IFVS aanpassing:			
Herberekening van depresiasie	6 330	5 984	5 639
<b>Eiendom, masjinerie en toerusting hersaamgestel</b>	<b>316 719</b>	<b>299 143</b>	<b>285 052</b>
Uitgestelde belasting soos voorheen vermeld	20 990	17 424	13 588
IFVS aanpassing:			
Tydbepalingsverskille by herberekening van depresiasie, eiendom, masjinerie en toerusting	(484)	1 541	1 668
<b>Uitgestelde belasting hersaamgestel</b>	<b>20 506</b>	<b>18 965</b>	<b>15 256</b>
<b>Wins toeskryfbaar aan eie aandeelhouers</b>			
Wins voorheen vermeld		21 961	111 538
IFVS aanpassing:			
Herberekening van depresiasie van eiendom, masjinerie en toerusting, na aftrekking van uitgestelde belasting		(167)	(338)
<b>Hersaamgestel</b>	<b></b>	<b>(1 856)</b>	<b>(3 709)</b>
<b>Totaal</b>	<b></b>	<b>19 938</b>	<b>107 491</b>

## Aantekeninge

### 1. Rekeningkundige beleid

Ooreenkomstig die noteringsvereistes van die JSE Beperk, het Oceana Group Beperk met ingang van 1 Oktober 2005 die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS) aanvaar. Vergelykbare inligting vir die ses maande geëindig 31 Maart 2005 en die jaar geëindig 30 September 2005, waaroor oorspronklik verslag gedoen is ingevolge Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (SA SAARP), is hersaamgestel ingevolge die IFVS. Bykomende interpretasies deur die standaard-owerhede mag tot verdere aanpassings van die hersaamgestelde syfers lei wanneer die resultate vir die jaar wat op 30 September 2006 eindig, gepubliseer word.

Die openbaarmaking vereis kragtens IFVS 1 (Eerste Aanvaarding van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde), wat die gevolge toon van die verandering in rekeningkundige beleid van SA SAARP na IFVS, word aangebied onder die opskrif "Rekonsiliasie van SA SAARP na IFVS".

Die oorskakelingkeuses van die groep ingevolge IFVS 1 is as volg:

- Eiendom, masjinerie en toerusting word teen oorspronklike koste bereken. Aangepaste beramings is gedoen van die nuttige gebruiksduur en die reswaarde ten einde die geakkumuleerde depresiasie in herberekening te bring.
- Aandeel-gegronde betalings. Die voorskrifte van IFVS 2 is toegepas slegs op aandeelopsies toegeken op of na 7 November 2002. Die koste van ekwiteitsvereffende aandeel-gegronde betalings word as 'n uitgawe aangedui in die inkomtestaat, saam met 'n ooreenstemmende krediet na 'n aandeel-gegronde betalingsreserwe wat in die ekwiteit ingesluit is.
- Sommige nie-verdeelbare reserwes is oorgedra na verdeelbare reserwes.

	Ongeouditeer 31 Maart 2006	Geouditeer 30 Sept 2005	Geouditeer 30 Sept 2005
		Hersaam- gestel	Hersaam- gestel
	R'000	R'000	R'000
<b>2. Buitengewone items</b>			
Oorskot met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting	485	2 075	2 364
Oorskot met verkoop van visregte in Namibië	225	–	–
Voorsiening vir lone, personeeluitdiensstelling en ander sluitingskoste van die Namibiese witsbesigheid	–	(24 682)	(28 764)
Benadelingsverlies op eiendom, masjinerie en toerusting van die Namibiese witsbesigheid	–	(5 580)	(5 580)
Benadelingsverlies op ander bates	–	–	(3 138)
Wins met verandering van belang in filiaal/gesamentlike ondernemings	–	1 324	7 288
<b>Buitengewone wins/(verlies) voor belasting</b>	<b>710</b>	<b>(26 863)</b>	<b>(27 830)</b>
Belasting	(8)	(199)	162
<b>Buitengewone wins/(verlies) na belasting</b>	<b>702</b>	<b>(27 062)</b>	<b>(27 668)</b>
<b>3. Dividende</b>			
Beraamde dividend verklaar na verslagdatum	16 975	16 758	66 141
Dividend op aandele uitgereik voor laaste verhandelingsdag		21	621
<b>Werklike dividend verklaar</b>	<b></b>	<b>16 779</b>	<b>66 762</b>
<b>4. Aanvullende inligting</b>			
Koste van verkope	885 425	889 164	1 813 927
Depresiasie	26 304	26 720	58 860
Bedryfshuiskoste	7 200	8 470	18 647
Wins op buitelandse valuta	(1 006)	(271)	(2 075)
Kapitaalbesteding	18 413	17 957	46 072
Uitbreiding	8 555	2 510	2 643
Vervanging	9 858	15 447	43 429
Kapitaalverpligtinge	89 989	46 375	96 925
Gekontraakteur	41 717	13 532	703
Goedgekeur	48 272	32 843	96 222

DIREKTEUR: MA Brey (Voorsitter), RA Williams (Vise-voorsitter), AB Marshall\* (Uitvoerende Hoof), BP Connellan, N Dennis, NP Doyle, RG Nicol\*, S Pather, L Ruthlal (\* Uitvoerende)

GEREGISTREERDE KANTOOR: 16de Verdiepung, Metropolitansentrum, Coen Steytlerlaan 7, Kaapstad 8001

OORDRAGSEKRETARIS: Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001

(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

BORG – Suid-Afrika: Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk

BORG – Namibië: Old Mutual Investment Services (Namibia) (Edms) Beperk

MAATSKAPPYSEKRETARIS: JD Cole

JSE-AANDEELKODE: OCE • NSX-AANDEELKODE: OCG • ISIN-NOMMER: ZAE000025284